



# Goeie landbouleiers kan welvaart skep

Leiers in die landbou moet seker maak die onderskeie bedrywe kies waardige leiers wat hul beste belange op die hart dra. 'n Volgende geslag leiers moet ook nou betrek word vir 'n gladde oorgang na die toekoms.

**SUID-AFRIKA** se landboubedryf troon nie sonder rede kop en skouers uit bo die ander sektore van die ekonomie nie. Die belanghebbendes in die waardeketting bestuur elke dag die risiko's waaraan hulle blootgestel word uitstekend. Kom ons gee erkenning aan die georganiseerde landbou en instellings in die waardeketting wat 'n groot bydrae lewer om 'n omgewing te skep waarin die landbou kan gedy.

Een goeie idee kan die begin van welvaart wees en onderlinge vertroue kan daardie welvaart mettertyd laat toeneem. Neem byvoorbeeld die gedagte van landbouleiers om die koringforum op 26 Januarie 1994 tot stand te bring ná die deregulering van die koringbedryf. Die doel van die koringforum was om 'n beleid daar te stel om brood aan verbruikers te verskaf teen die laagste moontlike haalbare pryse.

Een van die uitkomstes van die verskillende forums is die stig van trusts wat verseker het belangrike bedryfsfunksies is ná die deregulering van landboubeheerrade voortgesit. Die finansiering van noodsaaklike bedryfsfunksies het plaasgevind deur die instelling van 'n statutêre heffing.

'n Goeie vertrouensverhouding bestaan al jare lank tussen die forums en die trusts wat die bedryf as diensverskaffers ondersteun. Die trusts gee jaarliks terugvoering aan die forums rakende die invordering van heffings en die aanwending van die inkomste uit die heffings. Die forums dien as die verteenwoordigende strukture van die bedrywe, soos mielies, sorghum, koring, gars en oliesade. Die forums verskaf ook riglyne en besluit jaarliks of daar

om 'n statutêre heffing aansoek gedoen sal word al dan nie.

Die trusts en forums waak dus oor die betrokke bedrywe se belange en geld, vorder heffings in en wend die inkomste namens die bedryf en dienooreenkomstig die doelstellings in die trustaktes aan. Dit is noodsaaklik dat die lede en trustees hul onderlinge rolle verstaan, en die verantwoordelike wat daarmee saamgaan in vertroue uitvoer in belang van die betrokke landbouwaardeketting.

Daar moet vertroue wees waar ons saamwerk om die beste vir die belanghebbendes in die graan- en oliesadebedryf te bewerkstellig. Vertroue is op die waarheid gegrond, veral as ons die waarheid kan meet. Wanneer iemand die waarheid wil meet, vra hy die nodige vrae met die regte bedoeling en in opregtheid om 'n oplossing te vind. Die bedoelings van leiers wat 'n bedryf se belange wil dien, moet dus bekend wees.

## LANDBOULEIERS

Enigiemand wat leiding neem in situasies waar samewerking vereis en bedrywe verteenwoordig word, moet eerlik wees. Leiers se bedoelings en die rede vir hul betrokkenheid in die regering of die georganiseerde landbou moet op die waarheid gegrond wees. As landbouleiers aan die kant van die waarheid is, sal hul bedoelings nie bevraagteken word nie.

Ons landbouleiers moet goeie ondervinding van die landbou, die georganiseerde landboustrukture en die geskiedenis, oorsprong en doelstellings van die betrokke strukture hê. Die landboubedryf se dilemma is egter dat die geslag leiers met goeie bedoelings, ondervinding

en institusionele kennis van die bedryf en sy ondersteunende strukture al minder word. Daardie goeie leierskap moet aan 'n volgende geslag oorgegee word, verkieslik jong leiers wat die landbou met geesdrif wil lei en nie om eie gewin nie. Daardie leiers moet nou na vore kom.

Voordat leiers in organisasies aangestel word om bedrywe se belange te verteenwoordig, moet ons weet wat daardie toekomstige leiers se bedoelings is. Dit is nie altyd maklik om die vertroue wat in 'n leier opgesluit is, vooraf te meet nie. Ons kan dit wel doen deur te verseker dat leiers aangewys word wat bewese ondervinding het van die geskiedenis van die strukture, die oorsprong daarvan en die doel waarvoor dit tot stand gebring is. Maak seker jou sektor kies betroubare en waardige leiers wat hul woord hou.

Leiers wat volgens die waarheid optree, sal sienings hê wat ooreenstem met die bedryf se doelstellings. Binne die verskillende landboustrukture behoort eenstemmigheid te heers oor die pad vorentoe – dit sal die landboubedryf laat floreer en die nodige welvaart skep wat ons land so nodig het.

## SLAAP RUSTIG

Goeie leiers skoei hul besluite altyd op bewyse, redelikheid of logiese beredenering. Dit openbaar hul bedoelings, wat weer vertroue skep. Wanneer jou leiers se bedoelings bekend is, sal jy nie wakker lê oor die vraagstukke waarvoor jy saam met jou landbouleiers oplossings vir die toekoms moet vind nie.

Die volgende storie illustreer waarom leiers wat die waarheid

vir eie gewin verdraai, uiteindelik ook nie in hul eie belang optree nie, laat staan nog van die belange van hul volgelinge.

Daar was 'n klein seuntjie met 'n paar mooi albasters. Hy het egter sy oog gehad op sy sussie se lekkergoed.

Hy sê toe eendag vir haar: "As jy al jou lekkergoed vir my gee, sal ek al my albasters vir jou gee."

Sy het dit oorweeg, al haar lekkergoed vir hom gegee en die transaksie is beklink. Die seuntjie het al haar lekkergoed geneem en na sy kamer gegaan om sy albasters te gaan haal. Maar hoe meer hy sy albasters bewonder het, hoe minder gretig was hy om al sy albasters op te gee. Gevolglik het hy die beste albasters onder sy kussing weggesteek en die res na sy sussie toe geneem.

Daardie nag het sy sussie rustig geslaap, terwyl die seuntjie rusteloos rondgerol het omdat hy nie kon slaap nie. Hy het heeltyd gelê en wonder of sy sussie vir hom al haar lekkergoed gegee het.

Lede van die georganiseerde landboustrukture kan rustig slaap omdat hulle deel is van 'n span wat deur ware leiers gelei word, maar maak seker dat dit ook waar is vir leiers in die res van jou waardeketting.

Kom ons gee meer erkenning aan daardie leiers binne die landbouwaardeketting wat 'n groot bydrae lewer om 'n omgewing te skep waarin die landbou kan gedy. **LBW**

*Mnr. Wessel Lemmer is hoofbestuurder van AgbizGrain.*

BRON: Ravi Zacharias, 2019. *The Logic of God - 52 Christian essentials for the heart and mind.*